# KOMMUNIKAMMA 11 SEPTEMBER 2022

**Kontakpersone, indien jy meer inligting nodig het oor een van die sake wat hier verskyn:**
Jou blokouderling of -diaken
Niekie Oosthuizen: 082 561 8747; 041 360 1484; kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za
Ds MG van Rooyen: 083 413 7100; mg@ngkraggakamma.co.za
Ds Toit Wessels: 084 240 2916; toit@ngkraggakamma.co.za

**PROGRAM VIR DIE WEEK:**
**Sondag 11 September**
**Biddag vir die bediening aan die Jode**
**Leprosiedag (Melaatses)**
**Toerustingsondag**
**8:30 EIETYDSE DIENS EN KLEUTERKERK**
**09:45 KATEGESE**
**10:00 KLASSIEKE DIENS**

**Skriflesing:** Psalm 119:105, 130
**Tema:** Die Bybel as lig.
https://youtu.be/YzTC5MRK530
Skakel gerus om 08:30 op ons Youtube kanaal in as jy die regstreekse uitsendings wil volg. Die video sal gestoor word op Youtube, sodat jy ook op jou eie tyd daarna kan gaan kyk. Neem asb kennis dat die video nie direk na die erediens beskikbaar sal wees nie.
Die huisgeloof, 'n gesprek riglyn rondom die tema van die erediens, is op die gemeente se webwerf beskikbaar.

**Die dankoffer in die houtkassies gaan vandag vir Wêreldsending**

**Maandag 12 September**
**KERKKANTOOR**
Die kerkkantoor is elke Maandag en Woensdag van 08:00 tot 12:00 oop. **Neem asb kennis dat die kerkkantoor die hele week via die kerkkantoor telefoonnommer (041 360 1484) beskikbaar is.**

**12:45 GEBEDSKILD IN DIE KONSISTORIE.** Almal is welkom om die gebedsgeleentheid by te woon.

**Woensdag 14 September**
**Voedselhulp aan PE-Noord**
**Skenkings kan op Woensdae, tussen 08:00 en 12:00 by die kerkkantoor afgelaai word. Vir die volgende week kan jy met Piet Spies kontak (sel: 084 491 1213) indien jy op 'n ander tyd jou bydrae wil maak.**
U kan meer inligting op ons webblad kry of vir Sonja Spies (084 516 4925) kontak.
Kraggakamma gemeente het al R380 366,82 se kos aangekoop. **Kontant donasies kan in ons kerk se bankrekening gemaak word. Merk dit asb. duidelik vir PE Noord.**
Baie dankie vir elkeen se bydrae tot die voedselhulp program.

**Vrydag 16 September**
**05:00 MANNEGROEP by Carnationstraat 15**
Indien jy wil deel word van die groep, kontak Frans Stapelberg vir meer besonderhede by selnommer

082 773 6205

**Sondag 18 September**
**08:30 EIETYDSE DIENS EN KLEUTERKERK**
**09:45 KATEGESE**
**10:00 KLASSIEKE DIENS**

**SAKE vir GEBED:**

- Ons dank die Heer vir die lieflike reën wat ons die afgelope tyd gekry het.
- Ons dankie die Here vir sy seën op die 7 weke reeks. Ons bid dat alle gemeentelede entoesiasties sal volhou tot die einde. Ons dank die Here dat mense getuig van die seën wat hulle reeds beleef.
- Die kosnood in PE Noord bly groot. Bid asb dat ons as gemeente sal volhou om bydraes te maak sodat ons steeds kosaankope sal kan maak.
- Bid vir die plaaslike bestuur van ons Metro, dat die bestuur uitgesorteer sal word en dat die Here se seën daarop sal rus.
- Die oorlog in Oekraïne is steeds aan die gang. Mense is moeg en gespanne. Die komende winter gaan groter eise aan almal stel. Bid dat hulpwerkers in staat sal wees om vlugtelinge en inwoners te voorsien van warm klere en kos en dat hulle ligdraers van die Evangelie sal wees. Bid vir die Christene in Rusland se geestelike nood en dat hulle sal volhard in geloof.
- Bid dat beterskap sal intree by Frans Marx. Bid ook vir Margietha wat hom bystaan in hierdie tyd.
- Matrieks wat besig is met rekord eksamens. Ons bid dat goed sal gaan met hulle en dat hulle toegewyd sal wees in hulle voorbereiding.
- Ons dank die Here vir ‘n baie suksesvolle Ringsitting en Vrouebyeenkoms wat die afgelope week plaasgevind het.
- Ons bid vir die geweldige tragedie wat Pakistan getref het, waar ‘n baie groot deel van die land onder water was en duisende mense alles verloor het, asook mense wie se geliefdes oorlede is. Bid dat daar voldoende hulp aan almal gegee sal word. Bid dat Christene sal moed hou en sal uitreik na ander.
- Ons bid vir al ons bejaarde lidmate, veral die wat siek is, dat die Here hulle sal vashou en versterk.
- Ons bid dat die Here Maizie Cloete se familie en vriende sal vertroos en versterk met haar skielike afsterwe.
- Ons bid vir Arno en Noelene Pieterse met die afsterwe van Arno se ma.

**Gebedsversoek vir There4-Bedieninge**
Bid saam dat die Here genesing en vertroosting sal bring in die lewens van getraumatiseerde gelowiges in **Burkina Faso.**

**Die derde kwartaal met die Bybel**
Ons fokus die hele kwartaal op die Bybel. Nooi mense uit om in dié 7 weke deel van julle selgroep te word. Indien jy deel wil wees van ‘n selgroep, kontak Elizma Harmse by 083 940 5617.
**7 Weke met die Bybel**
**September 2022**
11 September - Die Bybel as lig. (Ps 119:105, 130)
18 September - Die Bybel as swaard. (Heb 4:12-13; Efes 6:10-17; Open 1:12-16)
25 September - Die Bybel as heuning. (Eseg 2:10-3:2; Ps 81:17; Ps 119:103-104)

Hier is ‘n lys met name en kontaknommers van die huidige selgroepe.

| Dag | Tyd | Naam | Selleier/Kontakpersoon | Tel nommer |
|---|---|---|---|---|
| **Maandag** | 19:15 | Rose | André Barnard | 082 921 8762 |
| **Dinsdag** | 19:00 | Voetspore | Rian Viljoen | 082 559 7648 |
| **Woensdag** | 18:30 | Gazanias (Jong getroudes) | Heleen Malan | 072 206 2856 |
| | 18:30 | Vygies (slegs elke 2de week) | Sonja Tait | 084 904 9047 |
| | 19:00 | Papawers | Gert Harmse | 082 906 6924 |
| | 19:00 | Madeliefies | PC van Rooyen | 084 960 6289 |
| **Donderdag** | 09:30 | Welwitschias | Willie vd Merwe | 083 295 1171 |
| | 19:00 | Azaleas | Jean-Mari Oberholzer | 083 657 9194 |
| | 19:00 | Tulpe | Marlene Postma | 082 787 4030 |
| | 19:00 | Jong Volwassenes | Toit Wessels | 084 240 2916 |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Sondag** | 18:30 | Die Fontein | Ben Fourie | 083 448 2137 |


**RAAK BETROKKE**


Ons nooi jou uit om betrokke te raak by die gemeente. Sien die lysie hieronder van behoeftes en kontak die kerkkantoor indien jy meer besonderhede wil kry:

- Dien op die kerkraad
- Gasvryheidsbediening – groet mense voor die eredienste in die voorportaal. Verwelkom nuwe intrekkers.
- Betrokke raak by 'n selgroep
- Dien op tuinboukommissie wat sorg vir tuine rondom kerkkompleks
- Voorafsang by die Klassieke diens
- Musiekgroep by die Eietydse diens
- Die hantering van klank en data by albei eredienste
- Die stroom van die eerste diens

**Kraggakamma Gemeente Familie Kamp** (**30 Sept** 2022 - 2 **Okt** 2022)

- Plek: Sitrusoewer River Camp, Kirkwood
- Koste: verblyf en etes gedurende die naweek is vir eie rekening. Die spesiale (#kraggakamma Familie kamp) tarief vir kamp staanplekke is R110/volwassenes en R70/skolier per nag Indien jy nie wil kamp nie, maar eerder in 'n huisie wil bly, moet jy self by Sitrusoewer bespreek en jou deposito betaal. Die huisies is baie gewild en daar is beperkte plekke beskikbaar. 042 232 0503; https://www.sitrusoewer.co.za/
  Aktiwiteite om na uit te sien:
- Kwaliteit tyd as gesin, swem, "night treasure hunt", roei, "masterchef" kompetisie, visvang, kamp vuur, "minute to win it", Pretdraf, Gesprekke oor God, die wêreld en die toekoms.
  Kontak asseblief vir Ds. Toit Wessels indien jy die naweek wil bywoon of indien jy enige verdere inligting benodig. Inskrywings sluit Maandag 12 September.





**OOS-KAAP SENIORBURGER-KOORFEES**

Die NG Kerk in Jeffreysbaai bied die Oos-Kaap Seniorburger-Koorfees op Saterdag 17 September by hulle Wavecrest-kampus aan. Die koorfees begin om 11:00 en meer besonderhede is by hulle kerkkantoor beskikbaar.

**TROOSDIENS VIR ELBERT DE KOCK**

Die troosdiens vir Elbert de Kock, wat lank in die gemeente was, se troosdiens is op Vrydag 16 September om 12:00 by Somerstrand gemeente. Vir meer inligting, kontak vir Jan de Kock (082 888 2003)

**NUWE LIDMATE**

Ons wil graag ons nuwe lidmate ontmoet. Daar is in die voorportaal 'n groen kontakkaart wat julle kan voltooi, waarna ons met julle in verbinding sal tree.

**VERJAARSDAE VIR DIE WEEK**



Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

11 September Johan Barkhuizen, Joan Crous, Chimene Landman, Emily Noble, Richart Strydom, Estelle van den Berg en Pieter van Heerden
12 September Bettie Celliers, Bertie Moore en Saret van Huyssteen
13 September Alet Bosch, Ruan de Lange, Nicky Esterhuyse, Rina McCabe, Malan Meiring en Martie Myburgh
14 September Wayne Delport en Yvette Erasmus
15 September Anru Botha, Penelope Greyling, Wynand Grobler, Petrus Jordaan, Mieke Moolman, Hano van Rooyen en Wian van Rooyen
16 September Maryke Friend, Jenna le Roux en Johan van der Merwe
17 September Heinrich Albertyn, Nicolene Botha, Zander Botha, Jaco Kotze, Lise Minnie, Christine Renkin, Etienne Stassen en Elsa van der Merwe

**Kerkraadslede herkies**

Die volgende kerkraadslede is almal op die Kerkraadsvergadering van 31 Augustus herkies om op die kerkraad te dien.

| Blok | Ouderling | Diaken |
|---|---|---|
| SA | | Dossie Nortjé |
| SB | Frans Stapelberg | Werner Nel |
| SC | Gert Harmse | |
| SD | Johan Coetzee | |
| FA | | Hennie Bakkes |
| FB | Arno Vosloo | |
| FC | Rian Viljoen | |
| GA | | Johan van der Merwe |
| GB | Piet Spies | |
| GC | Jean-Marï Oberhölzer | Gaynor Swanepoel |
| BA | | |
| BB | Nico Nell | |
| Jeug | | |
| Gemeentebediening | | André Strydom |
| Administrasie | | Eugene Pretorius |
| Media | | |
| Kleingroepe | | Elizma Harmse |
| Eiendomme | | |
| Skakeling | | Niekie Oosthuizen |
| ViA | | Dossie Nortjé |
| Getuienis | | Brendon Slabbert |
| Diensverhoudinge | | |
| Musiek | | Frans Krause |

Die volgende persone is tot die kerkraad verkies:
Pienaar Agenbag, Kate Swanepoel en Ryno Muller.

**<u>DANKOFFER</u>**

Baie dankie vir elkeen se dankbaarheidsbydrae wat ons maandeliks ontvang. Dankoffers kan direk in die kerk se bankrekening of deur middel van Snapscan betaal word.
Die kerk se bankbesonderhede is:
NG Kraggakamma
Absa Tjekrek 1400590091
Takkode 632005